

23 Augustus

Skrifgedeeltes: Lukas 11: 5-13, Galasiërs 3:1-14

Fokusgedeelte: Lukas 11:13

Ons moet bid vir die Heilige Gees

Waarvoor vra jy as jy bid? Miskien vir brood, vir klere, vir werk, vir vergewing van sondes. Vra jy ook vir die Heilige Gees?

Die Heidelbergse Kategismus beklemtoon veral die Heilige Gees as die Kategismus die noodsaak van die gebed uitspel. Vraag 116 vra: “Waarom is die gebed vir die Christene nodig?” Die tweede deel van die antwoord lui: “En omdat God sy genade en *Heilige Gees* alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.”

Hoekom het jy die Heilige Gees so nodig? Dit leer ons ook in die kategismus. Vraag 115 stel die vraag: “Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?” Die tweede deel van die antwoord is: “Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik.”

In ons daaglikse geloofslawe met sy stryd teen die sonde en in die innerlike vernuwing wat God in ons wil bewerk, kan ons nie sonder die Heilige Gees klaarkom nie. In Galasiërs 3 word geïmpliseer dat die Heilige Gees die verpersoonliking is van die seën waarin God sy kind wil laat deel. Christus neem ons vloek op Hom sodat Hy die seën aan ons kan gee – dit is die Heilige Gees wat ons lewens nuut maak (Galasiërs 3:13,14).

Sing: Skrifberyming 14:2 Ds PA Odendaal (Kriel/Evander)